

**Tweede Bedryf (Vervolg)**

**Toneel 4**

**Bl. 81 – 82**

1. Lees die gebeure wat plaasvind op bladsy 81en beantwoord die vrae.

   1.1 Waarom sou jy sê datons hier met *kindermishandeling* te doen het? (1)

   1.2 Hoe spreek Lukas vir Elias aan? (1)

   1.3 Hoe moes Lukas Elias aanspreek (volgens Elias)? (1)

   1.4 Noem TWEE bewyse dat Lukas verward is oor sy identiteit. (2)

2. Haal die woorde aan om te bewys dat Barta ontsteld is. (Bl. 82) (1)



**Toneel 5**

**Bl. 83**

3. Wat doen Elias met Nina om haar te straf? Noem TWEE dinge. (2)

4. Watter ooreenkoms is daar tussen die twee vroue wat volgens die *Christen Bybel (1 Konings 3)*voor koning Salomo verskyn het, en Fiela se probleem? (2)

5. Watter vraag vra Fiela aan Selling? (1)

6. Het Selling 'n defnitiewe (klaar) antwoord gegee? Motiveer. (2)

**Bl. 84**

7. Hoe sal Fiela gehelp word om die kind te gaan soek? (1)

**Toneel 6**

8. Beantwoord WAAR of ONWAAR vir die stelling hieronder en gee 'n rede vir jou antwoord:

   **Fiela is vriendelik ontvang by die magistraat se huis.** (1)

9. Fiela gee ‘n baie **abstrakte antwoord** vir die rede vir haar besoek. Wat kon sy eerder gesê het sodat die magistraat beter verstaan. (1)

**Bl. 85**

10. Met wie vergelyk Fiela die magistraat? (1)
11. Watter feit gee Fiela aan die magistraat met betrekking tot die verdwyning van die drie – jarige kind? (1)

**Bl. 86**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

| |
|---|
| Fiela: Laat roep die bosvrou en laat sy hier voor baas kom sê wat haar kind die dag aangehad het toe hy weggeraak het. Watse klere. Ek sê vooruit en eenkant vir baas wat die een wat ek voor my deur gekry het, aangehad het, en dan kan baas se sielerus besluit wie lieg. Ek vra dit vir die kind se ontwil, baas. Hy ken nie ander ma as Fiela Komoetie nie. As die volstuise eers broei, gaan ek die ou spul Langhaans se huurgrond uitkoop en op sy naam laat sit. Ek bring vir baas ook ‘n paar volstruiskuikens. |

12. Watter feit noem Fiela hier wat as bewys kan dien dat die kind nie aan Barta behoort nie? (1)
13. Wat is die magistraat se antwoord ten opsigte van die klere? (1)
14. Het Fiela nog die klere wat die kind aangehad het toe sy hom voor haar deur gevind het? Motiveer. (1)

**Toneel 7**

**Bl. 87**

15. Wie besoek die Van Rooyens se boshuis? (1)
16. Wat was die doel van die besoek? (1)
17. Hoe trakteer die van Rooyens die besoeker? (1)

**Bl.88**

18. Waarom is die volgende antwoord van Elias 'n leuen?

> Kapp: Van Roooyen, *mister* Goldsbury het gesê ek moet uitvind of die seun baie praat oor die mense in die Lange Kloof by wie hy gebly het.
>
> Elias: Nie 'n woord nie, *mister*.

(2)

19. Watter woorde van Barta bewys die teenstelling van wat Elias sê? (1)
20. Na watter "moeilikheid" verwys Kapp? (1)
21. Watter opdrag gee Kapp aan die van Rooyens ? (1)

**Bl.89**

22. Wat doen Elias wat 'n duidelike bewys is dat hy nie omgee vir sy dogter, Nina nie? (1)
23. Watter ironie vind ons hier ten opsigte van die versorging van Lukas? (Sien 2e spreekbeurt bl 89- Elias) (1)
24. Sou die gebeure dalk anders verloop het as Lukas teenwoordig was toe Kapp die Van Rooyens besoek het? Motiveer jou antwoord. (1)
25. Hoe verwys Elias na Fiela? (laaste spreekbeurt – onder aan bladsy) (1)
26. Wat het Fiela vir Lukas gestuur? (sien ook bl 90) (1)

## Derde bedryf

### Toneel 1

*Lukas en Nina – nou 19 jaar oud*



**Bl. 91**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

| | |
|---|---|
| Lukas (op band): | Die boswagter het kom sê dat hy vir Nina werk op die dorp gekry het vir vier sjielings die week en kos en klere daarby, en nou moet ek vir haar tot by Diepwalle by die hardepad neem waar boswagter haar sal kom kry. |
| Lukas: | Nina, loop bietjie stadiger. |
| Nina: | Hou jou bek! |
| Lukas: | Jy sal sien, dis lekker op die dorp. Dink net, vier sjielings 'n week en wat jy alles vir jou daarmee kan koop! Jy gaan baie geld hê. |
| Nina: | Hou jou bek! |

1. Dink jy Nina is gelukkig oor die nuwe toekoms? Motiveer. (1)

2. Hoe motiveer Lukas haar. Noem TWEE dinge. (2)

3. Lukas vergelyk die bos met die dorp deur die volgende stelling te maak:

   (Kies die korrekte antwoord)

   A: Die Bos is ver van alles teenoor die Dorp is naby alles
   B: Die Bos het bloute en die Dorp het sonskyn
   C: Die Bos is donker en die Dorp het bloute en son bo jou kop
   D: Die Bos is sewehorderd keer weg en die Dorp is naby (1)

4. Wat is die rede waarom Nina nie wil weggaan nie? (1)

5. Wat is beter as balke werk (volgens Lukas)? (1)

6. Waarom is Nina nie opgewonde oor die geld wat sy sal verdien nie? (1)

7. Nina beraam ‘n plan. Watter plan het sy? Skryf in twee kort sinne. (2)

   **Bl. 92**

8. Hoe verskil Lukas se sin vir verantwoordelikheid teenoor Nina s’n? (2)

9. Het Lukas Nina se plan agtergekom? Motiveer jou antwoord. (1)

10. Hoe probeer Lukas vir Nina troos? (1)

11. Kies die die korrekte antwoord:

    Nina noem TWEE redes waarom sy nie op die dorp wil gaan werk nie naamlik…

    A: Sy is bang en die dorpenaars spot net die bosmense
    B: Sy is bang en sy moet nou soos ‘n *lady* praat
    C: Sy wil in die Bos bly en sy wil nie in die dorp gaan werk nie
    D: Sy wil haar mondfluitjie hê en sy is bang vir die boswagter (1)

12. Voltooi die sin. Die rede waarom Lukas vir Nina sê dat sy soos ‘n lady moet praat, is omdat sy die woorde _______en _______baie gebruik. (2)

13. Lukas gee die volgende raad aan Nina:

    A: "Hou net jou kop in die lug."
    B: "Moenie lelik praat nie."
    C: "Moenie bang wees nie."
    D: "Dit sal die beste wees." (1)

14. Watter item moet Lukas vir Nina bewaar? (1)

**Bl. 93**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

| | |
|---|---|
| Lukas (op band): | Sy het weggehardloop. Toe Kristoffel weer 'n keer weg is om haar geld te loop haal, het hy sonder die geld by die huis aangekom met die tyding dat Nina al langer as 'n maand weg is by die laast mense waar sy gewerk het. Hulle het gedink sy is terug Bos toe. Nou moet ek haar loop soek. |

15. By watter plek soek Lukas eerste na Nina? (1)

**Bl. 94**

16. Wat is die naam van die persoon wat Lukas ontmoet by Noetsie? (1)

**Bl.95**

17. By watter persoon verneem Lukas van Nina? (1)

18. Hoe stel Lukas homself voor aan *Miss* Weatherbury? (1)

19. Watter dinge leer *Miss* Weatherbury aan Nina? Noem TWEE. (2)

20. Om watter rede het Miss Weatherbury Nina in diens geneem? Noem TWEE. (2)

21. Beantwoord WAAR of ONWAAR en motiveer jou antwoord vir die volgende stelling:

    ***Nina het baie gehou van borduurwerk en het dit getrou gedoen.*** (1)

**Bl. 96**

22. Waarmee stem *Miss* Weatherbury nie saam nie? (1)

23. Watter gewoonte het die Bosmense ten opsigte van geld wat verdien word? (1)

24. Hoe reageer Lukas daarop toe *Miss*Weatherbury nie saamstem nie? (1)

25. Nina se naam het verander.Hoe spreek deur *Miss* Weatherbury haar aan? (1)

**Toneel 2**

**Bl. 97**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae

| |
|---|
| Nina: Is jy siek Lukas? |
| Lukas: Nee, maar vir al die kere wat ek vir jou geskerm het, vir elke keer wat ek jou nie verklap het nie en vir al die bas wat ek vir jou help afkap het, vra ek vir jouvandag net een keer se hulp. |
| Nina: Wat? |
| Lukas: Gaan huis toe en gaan sê vir Pa ek kom nie terug nie. Ek is klaar met die Bos. |

26. Watter bewys is daar dat Nina nog omgee vir Lukas? (Sien uittreksel hierbo) (1)

27. Watter bewys is daar (volgens uittreksel) dat Lukas verantwoordelik is? (1)

28. Hoe het Lukas vir Nina geskerm toe hulle kinders was? Noem TWEE dinge. (2)

29. Wat is Lukas se versoek aan Kaliel? (Tweede toneel) (1)

30. Wie is John Benn? (1)

**TERUGBLIK**

31. Kyk na die foto's op die volgende twee bladsye en beantwoord die vrae wat daarop volg:

31.1




31.2



31.3



31.4



31.5



31.6



31.1 Watter plek sien jy op foto (31.1)? (1)
31.1.1 Wie gaan na dié plek en wat het die persoon daar gaan doen? (2)

31.2Watter plek sien jy op foto (31.2)? (1) 31.2.1
Wie woon daar en wie het daar gewoon as kind? (2)

31.3 Watter plek sien jy op die foto (31.3)? (1)
31.3.1 Wie woon daar en watter kind het later by die gesin aangesluit? (2)

31.4 Wie is die karakter op foto (31.4)? (1)
31.4.1 Met watter hoofkarakter in die drama maak hy kennis? (1)

31.5 Watter verband is daar tussen die twee manlike karakters op fotos 31.4 en 31.5? (2)

31.6 Beantwoord Waar of Onwaar. Motiveer jou antwoord.

Daar is wel 'n verband tussen die vroulike karakter (31.6) en die twee manlike karakters op die fotos. (1)

**Bl. 98**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Kaliel (*soos waarskuwing en uitdaging*): Ek.
Lukas: Hoekom sou hy iemand vir jou spaan soek? Gaan jy dalk weg/
Kaliel: (dreigend): Ja! Ek wag net vir die regte skip om in te kom, dan's ek weg en hulle sien my nie weer nie.
Lukas: Wanneer verwag jy die skip waarvan jy praat?
Kaliel: Dit kan ander jaar wees, dit kan anderweek wees, dit kan môre wees. Die oomblik wat hy kom, klim ek op en dank an jy my spaan vat en kan jy en John Benn kyk hoe ver julle kom.

32. Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi:
Kaliel is besig om….

A: sy werk aan Lukas te gee
B: Lukas negatief te maak.
C: Lukas te waarsku teen John Ben.
D: Lukas te dreig (1)

33. Dink jy Lukas wil graag eerder werk op skepe as om terug te gaan na die Bos toe? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

34. Watter werk bied Kaliel vir Lukas aan? Noem DRIE dinge wat die werk sal insluit. (3)

**Bl. 99**

35. Aanvaar Lukas die werk wat Kaliel hom aanbied? (1)

36. Watter voorwaarde moet Lukas stel voordat hy die werk aanvaar en hoekom dink jy stel hy die voorwaarde? (2)

37. Kaliel sê Lukas moet wegbly van die water af? Hoekom sê hy so? (2)

38. Watter ander voorstel met betrekking tot bloubokkies maak Kaliel ?
    Aanvaar Lukas die voorstel? (2)
39. Wat is 'n "koolvreter"? (1)

**Bl.100**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

| |
|---|
| Lukas: Jy sê hier kom so baie skepe aan. Is dit 'n sekere skip waarvoor jy wag? |
| Kaliel: Jy sal nie verstaan nie, houtkapper. Jy weet van niks. |
| Lukas: Jy praat duister, Kaliel, maar miskien verstaan ek beter as wat jy dink. |
| Lukas *loop. Mis begin opkom oor die see. Nina kom opgehardloop. Sy het 'n blou rok met blommetjies aan en 'n dik swart tjalie om* haar skouers. |
| Nina: Lukas! Ek het jou gesoek! (*Gooi haar arms om hom*) |

40. Dinge het verander en is nie meer soos vroeër nie. Gebruik die volgende frases en verduidelik hoe dinge verander het:

40.1 Lukas en Nina se verhouding
40.2 Nina en die Bos
40.3 Lukas en die Bos
40.4 Nina se mondfluitjie en bottels (4)

**Bl. 101**

41. Waar werk Nina nou? (1)
42. Wat merk Lukas op omtrent Nina. (1)
43. Watter nuus bring Nina aan Lukas? (1)

**Bl. 102**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

| |
|---|
| Nina: Kom jy weer terug? |
| Lukas: Ja. |
| Nina: Wanneer? |
| Lukas: Ek sal seker so 'n week wegbly. |
| Nina: Wanneer gaan jy? |

| | |
|---|---|
| Lukas: | Ek wil eers 'n vis vang om saam te neem. |
| Nina: | Jy sal moet gou maak. Willem het kom hout aflaai. Hy sê Pa is al eergister van die huis af weg om my en jou te kom soek. Eintlik vir jou. |

44. Waarom soek Elias vir Lukas? (1)

45. Waarom is die volgende stelling Onwaar?
Die mense van Lange Kloof onthou nie meer vir "Lukas" nie. (1)

46. Waarom vra Nina al die vrae aan Lukas ? (1)

**Bl. 103**

Kies die korrekte woord in die raampie om die sin te voltooi:

| Lange Kloof/ Bos/ Knysna |
|---|

47. Lukas is op pad______________toe. (1)

48. Waarom is Lukas op pad terug? (1)

49. Lees die aanhaling en beantwoord die vrae. (1)

***Hoe kon hy jou broer gewees het? Hy was bruin.***

49.1 Wie se woorde is dit? (1)

49.2 Wat verstaan Nina nie? (1)

49.3 Voltooi die sin deur die korrekte woord/e tussen hakies te kies:
Lukas wat as 49.3.1 (Benjamin/ Dawid) bekend toe hy by die 49.3.2 (bosmense/ kleurlinggesin) gewoon het. Lukas 49.3.3(aanvaar eerder/ aanvaar nie) die kleurlinggesin as sy gesin en sy mense (nie). (3)

50. Waarom is die volgende stelling ONWAAR. Motiveer jou antwoord.
**Die kleurverskille het Lukas laat besef dat hy eerder in die Bos by die Van Rooyens hoort.** (2)

**Toneel 3**

**Bl. 103 -104**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

| | |
|---|---|
| Fiela: | Loop, Selling, loop. (op band). Na Dawid se dood wou hy nie weer op en die dokter het gesê sy bene sal heeltemal ingee. |
| Selling: | Ek het nou genoeg geloop, Fiela. |
| Fiela: | Dis nie genoeg nie, dis nog maar een keer vangdam toe en jy moet drie keer loop. Die dokter het gesê ek moet kyk dat jy iedere dag jou bene laat loop. |

51. Wat sien Selling in die onderste pad? (1)
52. Wie is die persoon wat Fiela toe sien in die pad en kon sy dadelik glo at sy sien? (2)
53. Hoe spreek Lukas vir Fiela aan? (1)
54. Noem TWEE items wat Lukas saamgebring het. (2)
55. Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae:



55.1 Watter opskrif pas die beste by de prent. (Kies die korrekte antwoord)
A: Dawid en Fiela
B: Selling wat loop
C: Lukas kom terug na sy ouerhuis
D: Benjamin kom terug na sy ouerhuis (1)

55.2 Waaroor was Fiela die blyste? (1)

55.3 Hoeveel jaar was Benjamin weg van die huis af? (1)

**Bl. 105-106**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

| | |
|---|---|
| Fiela (*op band*): | Benjamin werk soos 'n man wat honger is en nie genoeg kan kry nie. Ons het die koring in die grond gekry. |
| Selling: | Die Here is goed, Fiela. |
| Fiela: | Hy's klaar met die Bos, Selling. Hy sal nie weer teruggaan nie. |
| Selling: | Daar's 'n harseer in hom, Fiela. |
| Fiela: | Ek weet. Maar dit sal regkom. (*Gekap sterk op. Sy roep*) Benjamin, jy gaan nie met daardie ding op die vangdam op nie! Die dam is drie keer groter en drie keer dieper as toe jy hom laas gesien het. (Selling *af. Op band*). Maar kleintyd se wil was ook nog in hom. Daarby het Selling op die damwal loop sit en hom van daar af in sy kwaad gehelp. |

56. Waarteen waarsku Fiela vir Benjamin? (1)
57. Wie het vir Benjamin leer roei? (1)
58. Fiela se *moederlike instinkte* kom nog sterk na vore. Gee 'n voorbeeld. (1)
59. Waarom vra Benjamin (Lukas) weer uit oor die kind van drie wat nie van die Bos tot by Lange Kloof kon loop nie? (1)
60. Wat is Fiela se antwoord op Benjamin se vraag: "Weet Ma wie ek is?" (1)
(Sien bl. 106 en 107)

**Bl. 107**

61. Lees die volgende vraag wat Fiela aan Benjamin stel:
"Voel jy soos Benjamin Komoetie of Lukas van Rooyen?"
61.1 Wat is Benjamin se antwoord hierop? (1)

62. "Moenie vandag die ooi probeer soek wat jou eerste weggeggoi het nie"
62.1 Wie is die "ooi" waarna Fiela verwys? (1)
62.2 Word dit **letterlik** of **figuurlik** bedoel? (1)

63. Wat is Benjamin se antwoord toe Fiela vir hom die grond aanbied? (1)

**Bl. 108**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

Fiela: Van wanneer af besluit jy of ‘n ander oor Fiela Komoetie se goed? Toe ek jou gevat het, het ek jou soos my eie gevat. Daar lê Dawid dood, onder op Avontuur lê Tollie dronk. Emma en Kittie is meisiekinders, vir hulle sit ek die 15a thy15 opsy. As Tollie die drank los, is die eerste stuk van Wolwekraal syne. Maar die Laghaans se grond is joune. Jy sal eendag hier in die Kloof staan as Fiela Komoetie se optelkind en ek sal sorg dat jy jou nie daaroor hoef te skaam nie. Die grond wat ek jou gee, is net ‘n begin; woel solank die vere hou en koop nog grond aan sodat jy sterk staan as hulle die dag agter jou rug sê: ‘n bruinvrou het hom grootgebring.

64. Hoe aanvaar Fiela vir Benjamin? (1)
65. Wat is Benjamin se erfporsie en wat is Tollie se erfporsie? (2)
66. Watter voorwaarde stel Fiela aan Tollie se erfporsie. (1)
67. Wat is Emma en Kittie se erfporsie? (1)
68. Waarom kan Benjamin nie Fiela se wens vervul nie? (1)
69. Op wie het Benjamin verlief geraak? (1)
70. Wat is Fiela se antwoord toe Benjamin haar meedeel oor die nuus dat hy verlief is op sy *suster*. [bl 109] (1)
71. Wie, volgens Fiela, weet die waarheid oor wie Benjamin regtig is? (1)

**Toneel 4**

**Bl. 109-110**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

| | |
|---|---|
| Barta: | Is dit jy, Kristoffel? |
| Lukas: | Dis nie Kristoffel nie, dis ek. |
| Barta: | Lukas? Ek dog dis Kristoffel. Het hy jou gekry? |
| Lukas: | Hoe meen ma, het hy my gekry? |
| Barta: | Hy's weg dorp toe om kos te koop en sommer te kyk of hy jou nie kry nie. Of jy al terug is. Nina het gesê jy is met 'n skip saam weg. |
| Elias (*roep vanuit kamer*): wie is dit? (*Pouse*) Wie is dit? | |
| Lukas: | Wie is dit? |
| Barta: | dan weet jy nie? Van jou pa nie? |

72. Wat het intussen met Elias gebeur? (1)
73. Wie het na Lukas gaan soek om die nuus mee te deel? (1)
74. Wie het alleen agtergebly om te help met houtkap en om die gesin aan die lewe te hou (volgens Barta) (1)
75. Wat merk Barta op omtrent Lukas se klere wat hy aan het. (1)
76. Beskryf Barta se reaksie toe Lukas vir haar sê hy kom van Lange Kloof af? (1)
77. Watter belangrike vraag vra Lukas aan Barta? (1)
78. Hie reageer Barta op die vraag – Wat is haar antwoord? (2)

**Toneel 5**

**Bl. 111**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae:

| | |
|---|---|
| Nina: | Wat is dit met jou, Lukas? Praat met my. |
| Lukas: | Wanneer het ek miskien opgehou om met jou te praat? |
| Nina: | Vandat jy teruggekom het. |
| Lukas: | Dis nie waar nie. |
| Nina: | Dit is! En jy speel ook nie meer met my nie. Hoekom nie? |
| Lukas: | Is jy nie al 'n bietjie groot vir speel nie, Nina? |

79. Waarom, dink jy wil Lukas nie eintlik praat nie? Gee TWEE redes. (2)

80. Kies die korrekte antwoord:

Nadat Lukas met Barta gepraat het glo hy dat…

A: hy en Nina broer en suster is.

B: hy verlief is op Nina.

C: hy Nina nie mag sien nie.

D: Nina moet wegbly van hom af. (1)

81. Waarom is die volgende stelling ONWAAR. Motiveer jou antwoord.

*Lukas het vir Nina vertel dat hulle moontlik regte broer en suster is*. (1)

82. Hoe vergelyk Nina die situasie met die verlede toe hulle klein was. (1)

**Toneel 6**

**Bl. 112– 114**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae:

*Ligte op. Die Boshuis. Stormgeluide*. Kristoffel, Barta en Elias *besig om te eet.* Kristoffel *maak die deur vir* Lukas *oop.*

Kristoffel (*verbaas*): Genade, waar kom jy vandaan? Het die wind jou tot hier gewaai?

Lukas: Naand, Kristoffel. Naand, Pa.

*Die een kant van Elias se gesig en nek lyk soos ou verdorde leer. Hy eet nie meer met sy regterhand nie; die lepel is in sy linkerhand.*

Elias: Wragtag! Ek sien 'n hond loop weg, maar 'n hond loop weer terug ook.

83. Wat merk jy op in bogenoemde gesprek? Verwys na Lukas se optrede teenoor Kristoffel en Elias se optrede. (3)

84. Word die volgende uitdrukkings Letterlik of figuurlik bedoel?

84.1 "Het die wind jou tot hier gewaai?" (1)

84.2 "'n hond loop weg, maar 'n hond loop weer terug ook" (1)

84.3 Verduidelik wat bedoel word met bostaande uitdrukkings. (2)

85. Wie is die persoon wat nou eintlik vir die gesin sorg? (1)

86. Wat is ironies omtrent Elias se planne en die toestand waarin hy verkeer? (2)

87. Barta erken vir die eerste keer sy was verkeerd. Wat het sy verkeerd gedoen? (1)

88. Het Barta geweet dat sy op daardie **spesifieke dag** verkeerde kind gevat het? Haal 'n frase aan om dit te bewys. (Sien laaste spreekbeurt bl. 113) (1)

89. Wat was Elias se reaksie op Barta se bekentenis? (sien bl.114) (1)

90. Wat het met die regte Lukas gebeur , volgens Barta? (bl.114) (1)

91. Wie het Barta beïnvloed voordat sy die kind moes uitken? (1)

92. Wat het dié man vir haar gesê omtrent die kind wat sy moes uitken? (1)

93. Hoe reageer Lukas op ditwat Barta sê? Noem twee dinge (2)

**Toneel 7**

**Bl. 114-115**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

| |
|---|
| Doof ligte uit en weer in. Fiela se huis,. Hulle sit om die tafel. |
| Fiela: Is die potlood skerp, Kittie? |
| Kittie: Ja, Ma. |
| Fiela: Moenie die blad se punt onder jou arm laat omkrul nie. Die brief moet netjies by hom aankom, hy moenie hom skaam nie. |
| Kittie: Pa kan maar sê wat ek moet skryf. |
| Fiela: Jou pa sal nie vandag eerste sê nie. Ek sal begin. |
| Selling: Maar, Fiela… |

94. Waarmee is Kittie besig? (1)

95. Wie speel die leidende rol? (1)

96. Kies die korrekte antwoord.

Die inhoud van die brief is kortliks…

A: dat Fiela vir Benjamin laat weet dathy moet terugkom.

B: dat Benjamin moet terugskryf as dinge verkeerd loop.

C: dat Fiela vir hom bid.

D: dat Benjamin mag trou.

97. Watter raad ten opsigte van die lewe gee Fiela aan Benjamin? (1)

98. Wat het met Tollie gebeur? (1)

99. Wat is die storie wat Selling in die brief insluit. Beskryf in een kort sin. (1)

**Toneel 8**

**Bl. 116**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:


> *Ligte uit. Musiek. Ligte op. Seetoneel. Vlagpaal met klipbankie.*
>
> John Benn besig om met seilnaald ‘n vlag te lap. Lukas kom opgestap.
>
> Lukas: Ek het net kom sê ek is terug, mister Benn.
>
> Benn (*laat die naald vassteek in die vlag*): Jy lyk verkreukel, maar jy klink beter, Van Rooyen.

100. Lukas stel homself bekend met ‘n ander naam en van.Wat is die ander naam en van? (1)

101. Wat meer het *Benjamin*te sê oor sy naam? Haal ‘n deel aan uit dié bladsy. (1)

102. Waarom is die volgende stelling ONWAAR.Motiveer jou antwoord.

**Benjamin gaan nou permanent op die skepe werk**. (1)




103. Dink jy dat die drama vandag nog steeds relevant is? Gee redes vir jou antwoord. (Noem VIER feite) (4)

**Memorandum (Bl.81 -116)**

| Vraag-nommer | | Voorgestelde antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|---|
| | | **Bl. 81-82** | | |
| | 1.1 | Brutale lyfstraf word toegepas met 'n osriem/ | | |
| | | Elias slaan Lukas met 'n osriem – woorde "Vandag | | |
| | | Slaan ek jou vrek"<br>Elias slaan vir Lukas sonder rede – omdat Lukas | | |
| | | (uit respek vir Elias baas noem) | | |
| | | Vir elke antwoord het Lukas 'n hou gekry. | 1 | 4 |
| | 1.2 | Oom / baas | 1 | 1 |
| | 1.3 | Pa | 1 | 1 |
| | 1.4 | Die woorde "Ek weet nie"✓ EN | | |
| | | Die woorde "Asseblief baas"✓ | 2 | 3 |
| 2 | | "Elias, kyk hoe lyk die kind" | 1 | 3 |
| | | **<u>Toneel 5</u>** | | |
| | | **Bl. 83** | | |
| 3 | | Hy sny Nina se hare af (met 'n mes)✓ | | |
| | | Hy slaan haar met die osriem✓ | 2 | 3 |
| 4 | | Daardie twee vroue het ook oor 'n kind gestry. | | |
| | | Fiela hoop die magistraat sal die wysheid van | | |
| | | Salomo hê om te bepaal wie die kind moet kry. | 1 | 4 |
| 5 | | Sy vra of hy glo dat 'n kind van drie jaar oud agter uit | | |
| | | die Bos tot by Lange Kloof kan dwaal. | 1 | 1 |
| 6 | | Nee. Hy voeg 'n "Maar" aan sy antwoord. | | |
| | | OF | | |
| | | Hy voltooi nie sy sin nie. | 1 | 3 |
| | | **Bl.84** | | |
| 7 | | "Die Here sal uitwys" | 1 | 1 |
| | | **<u>Toneel 6</u>** | | |
| 8 | | Onwaar. Hy groet haar nie maar **vra onvriendelik** | | |
| | | "Wie is jy en wat soek jy hier" | 1 | 4 |
| 9 | | Fiela kon eerder gesê het sy wil kom uitvind oor die kind. | | |
| | | OF | | |
| | | Sy wil hom kom sien oor die kind | 1 | 5 |
| | | **Bl. 85** | | |
| 10 | | Salomo van die Bybel | 1 | 3 |
| 11 | | Hoe 'n kind van drie tot agter in die Lange Kloof gekom het. | 1 | 3 |
| | | **Bl. 86** | | |
| 12 | | Die klere wat die kind aangehad het die dag van sy | | |
| | | Verdwyning dien as geldege bewys. | 1 | 3 |
| 13 | | Hy sê dat sy die kind enige iets kon aantrek en | | |
| | | daarby sweer en hoop dat die magistraat haar sal | | |
| | | glo. | 1 | 1 |

| Vraag-nommer | | Voorgestelde antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|---|
| 14 | | Nee.Kriekplaag gehad en die krieke het die klere | | |
| | | opgevreet. | 1 | 1 |
| | | **Toneel 7** | | |
| | | **Bl. 87** | | |
| 15 | | Boswagter Kapp | 1 | 1 |
| 16 | | Om uit te vin door die welstand van die kind / om | | |
| | | te hoor of die kind tevrede is . | 1 | 2 |
| 17 | | Hulle bring vir hom koffie✓ en gee vir hom iets te ete✓ (patat) | 2 | 3 |
| | | **Bl. 88** | | |
| 18 | | Barta bevestig dit. | 1 | 3 |
| 19 | | “Die kind het darem in die begin aangehou sê 21a thy wil huis toe gaan, veral saans” | 1 | 1 |
| 20 | | Die moeilikheid dat die magistraat Fiela belet het om | | |
| | | die kind te probeer opsoek. | 1 | 3 |
| 21 | | Dat hulle moet praat as Fiela kom lol. | 1 | 1 |
| | | **Bl. 89** | | |
| 22 | | Hy wil haar verhuur/ weggee en betaling ontvang | 1 | 1 |
| 23 | | Hy lieg oor die versorging van Lukas. Hy het Lukas | | |
| | | geslaan “skoon gemoed”- vals (ironies) | 2 | 4 |
| 24 | | Ja. Kapp sou die merke sien en sou vrae vra. | | |
| | | Al die merke van die slae is nog nie van Lukas se | | |
| | | bene af nie (volgens Barta) | 1 | 4 |
| 25 | | bruinvel | 1 | 1 |
| 26 | | magistraat | 1 | 3 |
| | | **Derde bedryf** | | |
| | | **Toneel 1** | | |
| | | **Bl. 91** | | |
| 1 | | Nee.Sy loop vining. Sy sê vir Lukas hy moet sy bek hou. | | |
| | | Sy wil nie ander se oppasser wees nie. | 2 | 3 |
| 2 | | Lukas motiveer haar deur vir haar te sê | | |
| | | - dis beter as balke werk | | |
| | | - sy gaan baie geld kry | 2 | 3 |
| | | | | |
| 3 | | C | 1 | 3 |
| 4 | | Sy sê sy is nie ‘n ander se kinderoppasser nie. | 1 | 1 |
| 5. | | kinderoppasser | 1 | 1 |
| 6 | | Elias gaan die geld kry | 1 | 1 |
| 7 | | Sy wil weghaardloop van Lukas af | | |
| | | Sy sê vir Lukas hy kan maar omdraai en huistoe gaan | 2 | 3 |
| | | | | |
| | | | | |

| Vraag-nommer | | Voorgestelde antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|---|
| 8 | | Hy doen wat Elias vir hom sê | | |
| | | Hy voer opdragte uit | 2 | 4 |
| 9 | | Ja. Hy vat haar aan die arm voor sy kon weghardloop. | 1 | 3 |
| 10 | | Hy sê dat die boswagter se seun by die pad vir haar wag. | 1 | 3 |
| 11 | | A | 1 | 3 |
| 12 | | "Hou jou bek" en "Gaan bars" | 2 | 3 |
| 13 | | A | 1 | 3 |
| 14 | | mondfluitjie | 1 | 1 |
| | | **Bl.93** | | |
| 15 | | In die dorp (Knysna) | 1 | 3 |
| | | **Bl.94** | | |
| 16 | | Armstrong | 1 | 1 |
| | | **Bl. 95** | | |
| 17 | | Me. Weatherbury | 1 | 1 |
| 18 | | As Nina se broer. (Lukas van Rooyen) | 1 | 3 |
| 19 | | Goeie maniere | | |
| | | Borduurwerk | 2 | 3 |
| 20 | | Hulp in die huis | | |
| | | Om haar op te help in die lewe en goeie maniere te | | |
| | | leer. | 2 | 3 |
| 21 | | Onwaar. Sy was **veronderstel** om haar borduurwerk | | |
| | | te doen. | 1 | 4 |
| | | **Bl. 96** | | |
| 22 | | Oor die betaling wat Nina ontvang. | | |
| | | Sys ê hulle gaan nie elke maand haar geld kom | | |
| | | haal nie. | 1 | 3 |
| 23 | | Alles word saam in een hand gegooi. | 1 | 3 |
| 24 | | Hy stem saam | 1 | 4 |
| 25 | | Christina | 1 | 1 |
| | | **Toneel 2** | | |
| | | **Bl. 97** | | |
| 26 | | Sy verneem na Lukas se welstand/ Vra of Lukas siek is. | 1 | 3 |
| 27 | | Hy wil sy "Pa" laat weet dat hy nie terugkom nie. | 1 | 3 |
| 28 | | Hy het haar nie verklap nie. | | |
| | | Hy het haar gehelp bas afkap. | | |
| | | Hy het vir haar geskerm. | | |
| | | [Enige TWEE] | 2 | 3 |
| 29 | | Hy soek iemand om hom te leer roei. | 1 | 3 |
| 30 | | John Ben is die man aan wir die skuite behoort/ | 1 | 3 |
| | | Die bestuurder/ Die grootbaas | | |
| 31.1 | | See by Knysna | 1 | 1 |

| Vraag-nommer | | Voorgestelde antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|---|
| 31.1.1 | | Lukas. Hy het gaan werk soek op die skepe. | 2 | 3 |
| 31.2 | | Lange Kloof | 1 | 3 |
| 31.2.1 | | Fiela en haar gesin | 1 | |
| | | Lukas (toeBenjamin) | 1 | 3 |
| 31.3 | | Knysna Boshuisie/ Van Rooyens se huis | 1 | 3 |
| 31.3.1 | | Van Rooyens-gesin. | 1 | 3 |
| | | Lukas | 1 | 3 |
| 31.4 | | John Ben | 1 | 3 |
| 31.4.1 | | Lukas | 1 | 1 |
| 31.5 | | Kaliel werk vir John Ben op die skuite | 1 | 1 |
| 31.6 | | Onwaar | | |
| | | Mrs. Weatherbury ken nie die manne wat op die see werk nie. | 1 | |
| | | Sy woon in die dorp. | 1 | 4 |
| | | **Bl. 98** | | |
| 32 | | A | 1 | 2 |
| 33 | | Ja | | |
| | | Hy erken hy is klaar met die bos. | 1 | 3 |
| | | Hy is bereid om vir min geld te werk | 1 | 3 |
| 34 | | Om oesters uit te haal | 1 | 3 |
| | | Vis te vang | 1 | 3 |
| | | Vis skoon te maak en te droog | 1 | 3 |
| | | **Bl. 99** | | |
| 35 | | Ja | | |
| 36 | | Kaliel moet hom leer roei. | | |
| | | Hy wil op die skuite roei /op see werk. | 2 | 4 |
| 37 | | Want hy sien Lukas as 'n houtkapper. | | |
| | | "n Man moet "soutbloed" hê voor die water jou vat" | 2 | 4 |
| 38 | | Nee. Hy wil nie bloubokkiestrikke stel nie. | 1 | 1 |
| 39 | | Stoomskip | 1 | 1 |
| | | **Bl.100** | | |
| 40.1 | | Lukas en Nina se verhouding: - vriendskap verander na geliefde paartjie. | 1 | 4 |
| 40.2 | | Nina en die Bos: - Nina het die bos agtergelaat en is nou 'n dame. | 1 | 4 |
| 40.3 | | Lukas en die Bos: Lukas is klaar met die bos. Nou 'n Jongman wat op die see wil werk. | 1 | 4 |
| 40.4 | | Nina se mondfluitjie en bottels:-Is in die bos en verweer en agtergelaat. | 1 | 4 |
| 41 | | By miss Weatherbury | 1 | 1 |
| 42 | | Dat sy vir hom mooi is | 1 | 3 |
| 43 | | Dat sy broer dawid dood is. | 1 | 1 |
| | | **Bl. 102** | | |
| 44 | | Sodat Lukas kan help met die houtsagery. | 1 | 3 |

| Vraag-nommer | | Voorgestelde antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|---|
| 45 | | Dan sou hulle nie vir Lukas (Benjamin) van Dawid | | |
| | | laat weet het nie. | 1 | 4 |
| 46 | | Sy is bang Lukas gaan vir altyd terug Lange Kloof toe. | 1 | 3 |
| | | **Bl.103** | | |
| 47 | | Lange Kloof | 1 | 2 |
| 48 | | Hy gaan terug om te verneem van Dawid se dood/ | | |
| | | Om sy gesin by te staan in die moeilike tyd/ | | |
| | | [enige iets soortgelyks gekoppel aan Dawid se dood] | 1 | 5 |
| 49 | 49.1 | Nina se woorde | 1 | 1 |
| | 49.2 | Dat Lukas wit is en Dawid bruin | 1 | 3 |
| | 49.3 | 49.3.1 Benjamin | 1 | 2/3 |
| | | 49.3.2 kleurlinggesin | 1 | 2 |
| | | 49.3.3 aanvaar | 1 | 3 |
| 50 | | Kleurverskil het nie saak gemaak nie. Lukas het | | |
| | | Fiela eerder as sy regte ma aanvaar en hy sou | | |
| | | Veel eerder in lange Kloof wou bly. | 2 | 4 |
| | | | | |
| | | **Toneel 3** | | |
| | | **Bl. 103 - 104** | | |
| 51 | | Hy sien iemand in die pad afgeloop kom. | 1 | 1 |
| 52 | | Benjamin. Nee sy kan nie – sy het gedink sy droom. | 2 | 3 |
| 53 | | As ma | 1 | 1 |
| 54 | | Vis en vyf sjielings | 2 | 1 |
| 55 | 55.1 | Benjamin kom terug na sy ouerhuis | 1 | 3 |
| | 55.2 | Dat Benjamin haar *Ma* genoem het. | 1 | 4 |
| | 55.3 | Sewe jaar | 1 | 1 |
| | | **Bl. 105-106** | | |
| 56 | | Die bootjie en die vangdam. / Sy waarsku hom | | |
| | | Om nie op die dam met die bootjie te gaan nie – die | | |
| | | dam is baie dieper en groter. | 1 | 1 |
| 57 | | Selling | 1 | 1 |
| 58 | | Sy wil Benjamin nog steeds beskerm asof hy nog | | |
| | | 'n kind is./ Sys ê Benjamin moet wegbly van die | | |
| | | diep kant af. | 1 | 3 |
| 59 | | Hy wou sekerheid hê oor sy identiteit./ Hy het | | |
| | | gevoel hy weet nie wie hy werklik is nie | 1 | 4 |
| 60 | | Sy antwoord " Jy is 'n weggooilam wat God aan | | |
| | | Fiela Komoetie toebetrou het" | 1 | 3 |
| | | **Bl.107** | | |
| 61 | 61.1 | Hy sê dat die dag toe hy onder in die pad gestaan | | |
| | | het, het hy geweet dat hy weer by die huis is. | 1 | 3 |

| Vraag-nommer | | Voorgestelde antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|---|
| 62 | 62.1 | Benjamin se regte ma wat hom weggegooi het. | 1 | 3 |
| | 62.2 | figuurlik | 1 | 3 |
| 63 | | Hy wil dit nie aanvaar nie – sê dis Tollie, Emma en | | |
| | | Kittie se grond. | 1 | 1 |
| | | **Bl. 108** | | |
| 64 | | As Fiela Komoetie se optelkind | 1 | 1 |
| 65 | | Laghaans se grond is Benjamin se erfporsie | 1 | 1 |
| | | Wolwekraal is Tolle s'n (as hy die drank los) | 1 | 1 |
| 66 | | Hy moet die drank los | 1 | 3 |
| 67 | | trommel | 1 | 1 |
| 68 | | Hy wil op die see gaan roei | 1 | 4 |
| 69 | | Op Nina | 1 | 1 |
| 70 | | Sy sê *bloed sou bloed gekeer het.* | 1 | 3 |
| 71 | | Barta van Rooyen | 1 | 1 |
| | | **Toneel 4** | | |
| | | **Bl. 109-110** | | |
| 72 | | Die grootvoete het hom getrap. Hy is nou bedlêend. | 1 | 3 |
| 73 | | Kristoffel | 1 | 1 |
| 74 | | Kristoffel | 1 | 3 |
| 75 | | Sy sien hy het nuwe klere aan en skoene | 1 | 1 |
| 76 | | Skrik in haar hande | 1 | 3 |
| 77 | | Of hy haar kind is of nie | 1 | 2 |
| 78 | | Sy vra (skree amper) met 'n **teenvraag**✓ "Wie anders"✓ | 2 | 3 |
| | | **Toneel 5** | | |
| | | **Bl.111** | | |
| 79 | | Hy is onseker oor sy eie identiteit ***/*** Hy weet nie of | | |
| | | Barta die waarheid gepraat het nie. ✓ | | |
| | | Hy weet nie of Nina sy suster is nie.✓ | 2 | 4 |
| 80 | | A (hy en Nina broer en suster is ) | 1 | 3 |
| 81 | | ONWAAR. Hy was onseker oor sy eie identiteit. | 1 | 3 |
| 82 | | Nina maak nog staat op "Lukas" soos toe hulle | | |
| | | klein was. | 1 | 4 |
| | | **Toneel 6** | | |
| | | **Bl. 112-114** | | |
| 83 | | Die manier hoe **Kristoffel** Lukas 'verwelkom" | | |
| | | "Het die wind jou tot hier gewaai?"✓ | | |
| | | **Elias** verwys indirek na Lukas as '*n hond wat wegloop.* Onbeskofde verwelkoming✓ | | |
| | | **Lukas** groet beskaafd "Naand, Kristoffel. Naand, | | |
| | | Pa."✓ | 3 | 5 |
| 84 | 84.1 | Figuurlik | 1 | 3 |
| | 84.2 | Letterlik | 1 | 3 |
| | 84.3 | "Het die wind jou tot hier gewaai?" | | |

| Vraag-nommer | | Voorgestelde antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|---|
| | | Bedoel: Hoe het jy tot hier gekom? | | |
| | | "'n hond loop weg, maar 'n hond loop weer terug | | |
| | | ook" | | |
| | | As 'n hond wegloop, soek hy altyd sy pad weer | | |
| | | terug. | 2 | 4 |
| | | | | |
| 85 | | Kristoffel | 1 | 2 |
| 86 | | Hy wil 'n *wamakery* bedryf, maar hy kan nie eers | | |
| | | behoorlik loop nie. | 1 | 3 |
| 87 | | Sy sê sy het verkeerde kind gevat. | 1 | 1 |
| 88 | | Nee. Sy het dit agtergekom toe dit te laat was | 1 | 3 |
| 89 | | Hy sê sy yl | 1 | 1 |
| 90 | | Die regte Lukas se gebeendere is lank terug opgetel langs die Homtini rivier. | 1 | 2 |
| 91 | | Lange met die bril het vir haar gesê dis die kind | | |
| | | met die blou hempie aan. | 1 | 3 |
| 92 | | Hy het 'n blou hempie aan | 1 | 1 |
| 93 | | Hy staan op en loop uit. Hy wil wraak neem teenoor | | |
| | | die man wat Barta mislei het. | 2 | 3 |
| | | **Toneel 7** | | |
| | | **Bl. 114-115** | | |
| 94 | | Sy maak 'n potlood skerp | 1 | 1 |
| 95 | | Fiela | 1 | 1 |
| 96 | | A: dat Fiela vir Benjamin laat weet da thy moet | | |
| | | terugkom | 1 | 3 |
| 97 | | Dat die lewe gaan op en af. Op is moeiliker as | | |
| | | Af, maar as jy eers op is kry jy krag om op te bly. | 1 | 3 |
| 98 | | Dronk gewees en mes gesteek. | 1 | 1 |
| | | Tollie is in die tronk | | |
| 99 | | Pollie en Skopper se kuikens is verkoop. | 1 | 1 |
| | | **Toneel 8** | | |
| | | **Bl 116** | | |
| 100 | | Benjamin Komoetie | 1 | 1 |
| 101 | | Hy sê "dis nie 'n nuwe naam nie, dis my ou naam" | 1 | 2 |
| 102 | | Onwaar. Hy gaan net uithelp tot Kaliel weer reg | | |
| | | is om om sy spaan te vat, dan sal Benjamin | | |
| | | teruggaan Lange Kloof toe. | 1 | 3 |
| 103 | | Ja. Dit gebeur nog dat kinders aangeneem word | | |
| | | en soek na hul ware identiteit. | | |
| | | Daar kan in ***sommige gevalle*** neergesien word | | |
| | | ouers/ kinders wat buite rasseverband aanneem of | | |
| | | aangeneem is. | | |
| | | Die onregverdige regstelsel van aanneming oor die algemeen geld in vandag se tyd nog | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Liefde wat 'n kind vir sy ouer het, kan nie vervang | | |
| | | word nie. | 4 | 5 |

***STERKTE MET DIE EKSAMEN!***